

Lydenstyd

2020

5de Sondag

Eseg 37:1-14

Kan daar hierin weer lewe kom?

Agtergrond tot Esegïel 37

Eseg 37 dateer uit 'n krisistyd in Israel se geskiedenis. Die profeet Esegïel, wat saam met die inwoners van Jerusalem in ballingskap weggevoer is (597 v.C.), skryf vir sy eie landgenote as iemand wat self ook die trauma van die wegvoering uit hulle vaderland beleef het. Vir die Israeliete het die verlies van hulle land, geliefdes, koning, tempel en stad soos die einde van die skepping gevoel. Vir mense wat alle hoop verloor het, verkondig Esegïel nuwe hoop en herstel. Drome en visioene is 'n medium waardeur die Here dikwels met Esegïel gepraat het. So ook hier in Eseg 37.

Oor die verwysing na die rol van die Gees, moet ons onthou dat die woord vir Gees in Hebreeus is "ruach" wat ook kan beteken wind of asem. Wind kan jy nie sien nie, maar jy sien die effek daarvan – so ook die Gees. By die skepping is die Gees se taak om orde uit chaos te skep en lewe uit die niet. Dit doen die asem van God ook hier tussen droë bene deur sy nabyheid en werking.

Opgetel...Uitgevat...Neergesit

- Joodse kinders het ouerleiding nodig gehad en is nie toegelaat om alleen hierdie storie te lees nie. Dis immers 'n angswekkende storie – dooie bene word lewendig en beklee met vlees.
- Die dal van doodsbeendere is simbolies vir die situasie waarin die volk van God verkeer. Jerusalem lê in puin – alles is 'n hoop klippe en trane. Soos voor die skepping toe alles woens en leeg was.
- Miskien kan ons tog tydens inperking effe hiermee identifiseer. Alles wat bekend, seker, roetine, vanselfsprekend was, is onverwags omgestamp en lê aan skerwe.
- Hierdie realiteite moet in die oë gekyk word. Ons word niks wyser en beter deur ontkenning nie. Daarom staan daar dat die Here vir Esegïel "opgetel, uitgevat en neergesit" het, in die dal van doodsbeendere. Hy moet kyk, sien, treur. Ons noem dit deesdae "awareness" – daardie stilword en refleksie oor wat aan die gang is. Soms moet ek tot stilstand geruk word.

Pre- en Post-Korona

- Moenie 'n fout maak nie, hierdie tyd is 'n skarniertyd, 'n waterskeiding wat ons lewens ingrypend kom verander het.
- Die vraag is of ons daarna kan kyk soos Esegïel na 'n hoop beendere kyk. Want skielik roer een, dan nog een, en die Asem van God vul dit totdat dit opstaan in volle glorie. Kan dit wees dat ook uit hierdie tyd van isolasie, inperking en onsekerheid nuwe lewe kan kom? Verhoudinge vol van vergifnis en deernis, meer eenvoud, omgee vir die aarde, fokus op dit wat saakmaak?
- Laat ons wel onthou dat God nie 'n virus vir ons gestuur het nie. Dis nie straf nie, mens kan nie eers sê dis "sy wil" nie, want Hy wil nie dood hê nie, maar lewe gee. Die vraag is nie wat die doel hiermee is asof daar vooraf 'n doel was en toe stuur God dit nie. Ons kan wel vra "Watter doel kan ek en God saam hieraan gee?"

"Reset", "Restart" – Alles word nuut!

- Die Gees maak van iemand wat net heelyd gesit en tob het: "Hoekom ek, hoekom dit, hoekom dat, hoekom nou?" iemand wat nou met 'n vonkel in die oog sê: "Hoekom kan ek nie dit nie, ja, hoekom nie, wat keer my? Ek kan sweer daardie dooie, droë been het nou beweeg!"
- In 597 v.C. kyk God rond en sien geraamtes. Hy sê: "Esegïel, gaan praat met daai bene en bid dat die Asem van God sal kom." Dis 2020 – 'n staat van inperking. God kyk rond en sien droë bene. Hy tel jou op en sit jou daar neer en sê: "Praat met daai bene, bid dat die Asem van God sal kom." Want miskien is God nog nie met

my klaar nie! En ook nie met die ander mense nie! En ook nie met sy Skepping nie!



1. Wat doen die ervaring van COVID-19 en die tydperk van inperking aan jou? Wanneer ons daardeur is, wat sou jy hoop dat jy self en ons hele gemeenskap in die toekoms anders sal doen?
2. Een kommentator sê vers 3 is 'n "versigtige belydenis" van Esegïel. Hy dink nie dis moontlik nie, maar hy't al geleer dat as hy klaar is met iets, is God nog nie altyd klaar daarmee nie! Waar in jou lewe en in ons samelewing het jy iets al afgeskryf, maar moet jy miskien meer tentatief wees, omdat God dalk nog nie daarmee klaar is nie?
3. Die Hebreeuse woord "ruach" beteken, "gees", "wind" of "asem". Hoe help hierdie drie betekenismoontlikhede jou om beter te verstaan wat God in mense se lewens kan doen (vv 5, 9, 14)?
4. Esegïel plaas ook elders baie klem daarop dat elkeen verantwoordelikheid moet aanvaar vir sy/haar eie dade en dus ook sonde (vgl hieroor Eseg 18:2). Hoekom is dit nodig dat die Israeliete eers hulleself in die spieël moet sien as die "dooie bene"? Kon Esegïel nie maar hierdie nare gesig oorgeslaan het en direk vir hulle die goeie nuus gebring het nie?
5. Waar in jou lewe voel jy op die oomblik "dooie bene" en waar voel jy "uit die dood opgewek"?